Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

BDietetics (10139003)

Minimum duur van studie	4 jaar
Totale krediete	819
Kontak	Prof FAM Wenhold friede.wenhold@up.ac.za +27 (0)123563202

Programinligting

Die duur van die program is vier akademiese jare waartydens ’n student praktyk-opleiding as studentdieetkundige ontvang aan instelling(s) wat deur die Universiteit vir dié doel goedgekeur is.

Elke student in Dieetkunde moet onmiddellik na toelating tot die eerste studiejaar, by die Registrateur van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika aansoek doen om geregistreer te word as ’n student in Dieetkunde.

Studente moet na die eerste semester van die derde studiejaar en voor die aanvang van die vierde studiejaar gedurende die universiteitsvakansie vir minstens vier weke toepaslike elektiewe opleiding (Kode DTT 380), onder toesig van ’n dieetkundige, aan ’n instelling wat deur die Universiteit vir dié doel goedgekeur is, voltooi.

Let wel: ‘n Gewysigde leergang, soos hieronder uiteengesit, word vir die program ingefaseer. Die gewysigde eerste jaar van studie sal vir die eerste keer in 2015 gevolg word, die tweede jaar van studie in 2016, die derde jaar van studie in 2017 en die vierde jaar van studie in 2018.

Studente wat voor 2015 vir die BDieetkunde-graadprogram geregistreer het, sal die graadprogram volgens die ou leergang voltooi.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat in besit is van ‘n sertifikaat wat deur die Universiteit beskou word as ekwivalent aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met universiteitsvrystelling, ‘n kandidaat wat aan ‘n ander tersiêre instelling gegradueer het of aan wie die status van ‘n gegradueerde van sodanige instelling toegeken is, en ‘n kandidaat wat aan ‘n ander fakulteit aan die Universiteit van Pretoria gegradueer het.
- Lewensoriëntering word van die TPT-berekening uitgesluit.
- Graad 11 se finale-eksamenuitslae, die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) se uitslae en ‘n Toegevoegdewaardevraelys sal vir die voorlopige toelating van voornemende studente gebruik word.
- Toelating tot Gesondheidswetenskappeprogramme is onderhewig aan ‘n keuringsproses.
- Aansoeke van internasionale kandidate wat van lande kom met mediese opleidingskole sal nie oorweeg word vir plasing in die MBChB program nie, behalwe waar interregeringssamewerkingsooreenkomte in plek is.
- Die som van die uitslae van ses vakke, waaronder Engels, Wiskunde en Fisiese Wetenskap, word vir keuringsdoeleindes bereken.
- Kandidate, neem asseblief kennis dat jou TPT nie met meer as twee punte mag daal in die uitslae van jou finale skooleksamen nie ten einde jou voorlopige toelating te behou.
- NEEM ASSEBLIEF KENNIS dat voldoening aan die minimum toelatingsvereistes nie noodwendig toelating tot

enige program in hierdie Fakulteit waarborg nie.
- Navrae oor keuring kan gerig word aan healthapplications@up.ac.za.

Minimum vereistes												
Prestasievlak												**TPT**
Engels				**Wiskunde**				**Fisiese Wetenskap**				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Vlak	
4	3	D	D	4	3	D	D	4	3	D	D	25

Addisionele vereistes

Sien ook die Algemene Regulasies.

Ander programspesifieke inligting

Vrystelling van die eksamen in (FAR) Farmakologie 381, 382
Vrystelling van die eksamen kan toegestaan word indien 'n student wat 'n modulepunt van minstens 60% behaal het, die opsie uitoefen om dit as finale punt te aanvaar.

Eksamens en slaagvereistes

i. Elke vraestel (Vraestel 1 en 2) van die skriftelike eksamen in Mediese voedingterapie 323, 411 en 480 (MNX 323, 411, 480), asook die praktiese eksamen in MNX 411, moet individueel met ’n subminimum van 40% geslaag word.
ii. Elke vraestel vir die tweede eksamengeleentheid in Mediese voedingterapie 323, 411 en 480 (MNX 323, 411, 480), sowel as die praktiese eksamen in MNX 411 (tweede eksamengeleentheid), moet individueel met ’n sub-minimum van 50% geslaag word.

- Ingevolge die bepalings van die Algemene Regulasies is daar geen minimum jaar- of semesterpunt wat benodig word om tot die eksamen toegelaat te word nie en kry alle geregistreerde studente outomaties toelating tot die eksamen.
- Die finale punt vir 'n bepaalde module in Verpleegkunde, Fisioterapie, Radiografie, Arbeidsterapie en Mensvoeding (minstens 50% word vereis om te slaag) word bereken uit die eksamenpunt sowel as die punt saamgestel uit die evaluasie van 'n student tydens deurlopende, objektiewe en gekontroleerde assesserings-geleenthede gedurende die kwartaal/semester/jaar. Minstens een formele assessering per module word as die minimum norm in dié verband gestel, en studente sal deurgaans op ’n gereelde grondslag aan selfgerigte leeropdragte blootgestel word ten einde selfgerigte leer te bevorder.
- In die geval van modules met praktiese komponente word vereis dat die studente aan al die toepaslike bywoningsvereistes met betrekking tot die bemeestering van praktiese vaardighede voldoen alvorens ’n slaagpunt vir die module verwerf word.
- Daar is twee hoofeksamengeleenthede per jaar, die eerste en tweede eksamen. Ten opsigte van eerstesemestermodules is die eksamengeleentheid in Mei/Junie en die tweede eksamengeleentheid in Julie. Ten opsigte van tweedesemester-modules is die eerste eksamengeleentheid in Oktober/November en die tweede

eksamengeleentheid in November/Desember van dieselfde jaar. In gevalle waar studente addisionele kliniese werkure moet voltooi om tot ’n tweede eksamen toegelaat te word, sal die departementshoof die tweede eksamengeleentheid bepaal.

- Slegs twee eksamengeleenthede per module is toelaatbaar. Indien ’n student ’n module tydens die tweede eksamengeleentheid druip, moet die betrokke module herhaal word.
- 'n Tweede eksamengeleentheid in ’n module word in die volgende gevalle aan studente verleen:

  - Indien ’n student ’n finale punt van minder as 50% in die betrokke module gedurende die eerste eksamengeleentheid behaal het en dus druip.
  - Indien ’n student nie die subminimum in die eksamen, wat vir ’n bepaalde module vereis word, behaal het nie.
  - Indien ’n student weens siekte of buitengewone omstandighede nie die eksamen in ’n module gedurende die eerste eksamengeleentheid kon aflê nie.
- Studente wat weens bogemelde redes die tweede eksamen wil aflê, moet 24 uur na die uitslae ontvang is, registreer vir die tweede eksamengeleentheid.
- Indien ’n student ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid gedruip het, word die eksamenpunt wat hy of sy tydens die tweede eksamengeleentheid in die betrokke module behaal, as die finale punt verreken. Die punte wat met die deurlopende evaluering gedurende die kwartaal/semester/jaar verwerf word, word nie in berekening gebring nie. Indien die student die module tydens die tweede eksamengeleentheid slaag, word nie meer as 50% as slaagpunt in die betrokke module toegeken nie.
- Indien ’n student as gevolg van siekte of buitengewone omstandighede nie aan die eksamen in ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid kon deelneem nie, word die deurlopende evalueringspunt, tesame met die eksamenpunt wat tydens die tweede eksamengeleentheid in die betrokke module behaal is, as die finale punt in die module behaal, bereken.
- Die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe pas die bepalings van die Algemene Regulasies toe. Daarvolgens mag ’n student wat ’n beperkte aantal modules uitstaande het ten einde aan graadvereistes te kan voldoen, kragtens fakulteitsregulasies tot ’n spesiale eksamen daarin toegelaat word.

Bevordering tot volgende studiejaar

- 'n Student moet al die voorgeskrewe kernmodules van 'n spesifieke studiejaar slaag ten einde bevorder te kan word tot die daaropvolgende studiejaar. 'n Student kan slegs tot 'n volgende studiejaar bevorder word indien hy of sy nie meer as twee fundamentele modules van sewe weke elk per semester of een module van 14 weke per semester gedruip het nie. ’n Ononderhandelbare voorvereiste vir toelating tot die finale studiejaar is slaagpunte in al die kern- en fundamentele modules van die voorafgaande studiejare.
- Raadpleeg die Jaarboek vir fundamentele modules in elke dissipline.
- 'n Slaagpunt verwys na 'n finale punt van minstens 50%.
- Modules met krediete vir praktiese werk en kliniese opleiding kan nie geslaag word nie, alvorens al die voorgeskrewe kliniese ure en praktiese aktiwiteite tot die bevrediging van die departementshoof voltooi is.
- Die Voorsitter van die eksamenmodereringsvergadering mag na beoordeling van die student se totale profiel, spesiale toestemming aan die student verleen/toestaan om tot 'n volgende studiejaar bevorder te word.
- Die uitsondering is die Departement Mensvoeding, waar die regulasies van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe ten opsigte van die modules deur daardie Fakulteit aangebied, van toepassing is.
- Modules kan slegs vooruitgeneem of herhaal word indien dit in die bestaande eksamenrooster geakkommodeer kan word.
- 'n Student wat 'n studiejaar herhaal, mag met die toestemming van die Voorsitter van die

eksamenmodereringsvergadering en die betrokke departementshoof, toegelaat word om fundamentele modules van die daaropvolgende jaar te neem, mits hy of sy aan die voorvereistes vir die betrokke modules voldoen. Geen aanpassing van bestaande roosters sal toegelaat word nie. Die volgende fundamentele modules is ter sprake:

Departement Verpleegkunde: SLK 110, 120; FSG 251, 252.

- Departement Fisioterapie: SOH 254; FSG 251, 252, 261, 262, SLK 210
- ANP 210, GMB 252, 253, 254, FAR 381, 382
- Departement Arbeidsterapie: ZUL 110; SEP 110; SLK 210, 220;
- FSG 251, 252, 261, 262; ANP 210; RPD 481; GNK 286
- Departement Mensvoeding: FLG 211, 212, 221, 222;
- BCM 251, 252, 261, 262; FAR 381, 382, VDS 322; VDB 321
- Departement Radiografie: FSG 251, 252, 262; GNK 286; ANP 210.

Praktiese/kliniese/internskapinligting

Internskapopleiding (tweede semester van die finale studiejaar)
Die drie verpligte semestermodules CNT 480, MNX 480 en FSS 480 maak gesamentlik die internskapopleiding uit en moet gelyktydig geneem word.

Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat in die volgende modules ’n gemiddelde van minstens 75% behaal het: CNT 411, 480 gesamentlik, sowel as MNX 411, 480 gesamentlik, en FSS 480 gesamentlik.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 134

Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

Modulekrediete	4.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie en Religie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121)

Modulekrediete	4.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie en Religie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud
Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Algemene chemie 117 (CMY 117)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	'n Kandidaat moet Wiskunde en Fisiese Wetenskap me minste 60% geslaag het in die G12-eksamen.
Kontaktyd	4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Chemie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Algemene inleiding tot anorganiese en analitiese chemie. Atoomstruktuur en periodisiteit. Molekulêre struktuur en binding, gebruik van die VSEPA model. Nomenklatuur van anorganiese ione en verbindings. Klassifikasie van reaksies: neerslag, suur-basis, redoks en gasvormende reaksies. Beginsels van reaktiwiteit: energie en chemiese reaksies. Molbegrip en stoïgiometriese berekeninge van chemiese reaksies. Fisiese gedrag van gasse, vloeistowwe en oplossings en die rol van intermolekulêre kragte. Tempo van reaksies: Inleiding tot chemiese kinetika.

Algemene chemie 127 (CMY 127)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Natuur- en Landbouwetenskappe studente: CMY 117 GS of CMY 154 GS Gesondheidswetenskappe studente: geen
Kontaktyd	4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Chemie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Algemene fisies-analitiese chemie: Chemiese ewewig, sure en basisse, buffers, oplosbaarheidsewewig, entropie en vrye energie, elektrochemie. Organiese chemie: struktuur (binding), nomenklatuur, isomerie, inleidende stereochemie, inleiding tot chemiese reaksies en chemiese eienskappe van organiese verbindings en biologiese verbindings, nl. koolhidrate en aminosure.

Akademiese Engels vir Gesondheidswetenskappe (Bcur, Bdieetkunde, BOH, BArb en BPhysT) 131 (ELH 121)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Eenheid vir Akademiese Geletterdheid
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Academic reading as well as academic writing and presentation skills, based on the approach followed in the healthcare sciences. **Presented to students in Health Sciences only.*

Akademiese Engels vir Gesondheidswetenskappe 122 (ELH 122)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereiste.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Eenheid vir Akademiese Geletterdheid
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Study of specific language skills required in the Health Care Sciences, including interviewing and report-writing skills. *Presented to students in Health Sciences only. (BCur, BDietetics, BOH, BOT, Brad, BPhysT)*

Mense en hul omgewing 112 (MGW 112)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die module behels basiese psigologie- en sosiologiekonsepte soos toepaslik vir Geneeskunde en Tandheelkunde, in die geval van BChD-studente.
Basiese psigiatriese begrippe word ook aangespreek.

Molekulêre en selbiologie 111 (MLB 111)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	'n Kandidaat moet Wiskunde met ten minste 60% geslaag het in die G12-eksamen
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Genetika
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleidende studie van die ultrastruktuur, funksie en samestelling van verteenwoordigende selle en selkomponente. Algemene beginsels van selmetabolisme, molekulêre genetika, selgroei, seldeling en seldifferensiasie.

Sepedi vir beginners 110 (SEP 110)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners. *Slegs studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe mag hierdie module gedurende semester 2 neem. Alle ander studente moet hierdie module tydens semester 1 neem. Studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe wat reeds oor die taalvaardighede beskik wat in hierdie module onderrig word, mag 'n vrystellingseksamen aflê. Basiese kommunikatiewe vaardighede in Sepedi waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies

Akademiese oriëntasie 110 (UPO 110)

Modulekrediete	0.00
Voorvereistes	Geen voorvereiste.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Gesondheidswetenskappe: Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

isiZulu vir beginners 110 (ZUL 110)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners *Slegs studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe mag hierdie module gedurende semester 2 neem. Alle ander studente moet hierdie module gedurende semester 1 neem. Studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe wat reeds oor die taalvaardighede beskik wat in hierdie module onderrig word, mag 'n vrystellingseksamen aflê. Basiese kommunikatiewe vaardighede in isiZulu waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies.

Kernmodules

Anatomie van die romp 161 (ANA 161)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Departement	Anatomie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

Sistematiese benadering tot anatomie met natmonsterbespreking van die toraks met inhoud, abdomen met inhoud en bekken met inhoud (organe, vaskulêre stelsels, senuweevoorsiening, limfdreinering, spiere en gewrigte), asook die oppervlaksanatomie. Inleidende histologie behels die histologie van die longe, lewer en niere.

Dieëtkundeprofessie 110 (DTT 110)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Philosophy, development and challenges of the dietetic profession in a South African context.

Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 120 (IHL 120)

Modulekrediete	8.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Verpleegkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Leadership and multidisciplinary team work. Healthcare systems and legislation. Determinants of health. Introduction to healthcare models (e.g. community-based care, family-centred care, etc.). Professionalism, Ethical principles. Management of diversity. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Department of Speech-Language Pathology and Audiology students.

Fisika vir Biologiese studente 131 (PHY 131)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde

Voorvereistes	'n Kandidaat moet Wiskunde met ten minste 60% geslaag het in die G12-eksamen
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Fisika
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Eenhede, vektore, kinematika, dinamika, arbeid, ewewig, klank, vloeistowwe, warmte, termodinamiese prosesse, elektriese potensiaal en kapasitansie, direkte en wisselstroom, optika, atoomfisika, X-strale, radioaktiwiteit.

Basiese voedsel voorbereiding 111 (VDS 111)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	0.5 praktiese sessie per week, 1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Module 1: Basiese voedselbereiding en voedselbereidingstegnieke. Mise en place, Weeg- en meettegnieke, toerusting en terminologie soos toegepas in voedselbereiding. Geskiedenis van die voedseldiens industrie en hedendaagse sjefs. Basiese voedselkwaliteitskontrole. Module 2:Voedselvoorbereiding beginsels van aftreksels, soppe en souse

Basiese voedselbereiding 121 (VDS 121)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	VDS 111
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Module 1: Basiese voedselbereiding en voedselbereidingstegnieke. Mise en place, Weeg- en meettegnieke, toerusting en terminologie soos toegepas in voedselbereiding. Basiese voedselkwaliteitskontrole. Module 2:Voedselvoorbereiding beginsels vanstysels en grane.

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 221

Fundamentele modules

Inleiding tot proteïne en ensieme 251 (BCM 251)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	CMY 117 GS en CMY 127 GS en MLB 111 GS
Kontaktyd	0.5 praktiese sessie per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Biochemie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Strukturele en ioniese eienskappe van aminosure. Peptiede, die peptiedbinding, primêre, sekondêre, tersiêre en kwaternêre struktuur van proteïene. Interaksies wat proteïenstruktuur stabiliseer, denaturasie en renaturasie van proteïene. Inleiding tot metodes vir die suiwering van proteïene, aminosuursamestelling en volgorde bepalings. Inleiding tot ensiemkinetika en ensieminhibisie. Allosteriese ensieme, regulering van ensiemaktiwiteit, aktiewe sentra en meganismes van ensiemkatalise. Voorbeelde van industriële toepassings van ensieme. Praktiese opleiding in laboratorium tegnieke en Goeie Laboratorium Praktyk. Tegnieke vir die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontleding van biologiese molekules. Verwerking en aanbieding van wetenskaplike data.

Koolhidraatmetabolisme 252 (BCM 252)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	CMY 117 GS en CMY 127 GS en MLB 111 GS
Kontaktyd	2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Biochemie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Biochemie van koolhidrate. Termodinamika en bio-energetika. Glikolise, sitroensuursiklus en elektrontransport. Glikogeen metabolisme, pentose-fosfaat padweg, glukoneogenese en fotosintese. Praktiese opleiding in studie en ontleding van metaboliese bane en ensieme. Wetenskaplike metode en ontwerp: Hipotese ontwerp en toetsing, metode ontwerp en wetenskaplike kontrole.

Lipied-en Stikstofmetabolisme 261 (BCM 261)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	CMY 117 GS en CMY 127 GS en MLB 111 GS
Kontaktyd	2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Biochemie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Biochemie van lipiede, membraanstruktuur, anabolisme en katabolisme van lipiede. Stikstof metabolisme, aminosuurbiosintese en katabolisme. Biosintese van neurotransmittors, pigmente, hormone en nukleotiede vanuit aminosure. Katabolisme van puriene en pirimidiene. Terapeutiese agente gerig teen nukleotiedmetabolisme. Voorbeelde van erflik oordraagbare afwykings van die metabolisme van stikstofbevattende verbindings. Die ureumsiklus, stikstof-uitskeiding. Praktiese opleiding in wetenskaplike skryfvaardighede: evaluasie van 'n wetenskaplike verslag. Tegnieke vir die skeiding en ontleding van biologiese molekules.

Biochemiese beginsels van voeding en toksikologie 262 (BCM 262)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	CMY 117 GS en CMY 127 GS en MLB 111 GS
Kontaktyd	2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Biochemie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Biochemie van voeding en toksikologie. Onmiddellike analise van voedingstowwe. Hersiening van energie-vereistes en -verbruik. Respiratoriese kwosiënt. Vereistes en funksie van water, vitamiene en minerale. Interpretasie en wysiging van ADT-waardes vir spesifieke diëte, bv. groei, oefening, swangerskap en laktasie, veroudering en verhongering. Interaksies tussen voedingstowwe. Vergelyking van monogastriese en herkouer metabolisme. Cholesterol, poli-onversadigde, essensiële vetsure en dieet anti-oksidante. Oksidasie van vette. Biochemiese meganismes van water-en vetoplosbare vitamiene en assessering van vitamien status. Minerale vereistes, biochemiese meganismes, wanbalanse en diarree. Biochemie van vreemde metaboliete: absorpsie, verspreiding, metabolisme en uitskeiding (ADME); ontgiftingsreaksies: oksidasie / reduksie (Fase I), vervoegings (Fase II), uitvoer uit selle (Fase III); faktore wat metabolisme en geneigdheid beïnvloed. Toksiese gevolge: weefselbeskadiging en fisiologiese effekte, teratogenese, immunovergiftiging, mutagenese en karsinogenese. Voorbeelde van toksiene: biochemiese meganismes van bekende toksiene en hul teenmiddels. Antibiotika en weerstand. Natuurlike gifstowwe uit swamme, plante en diere: goitrogene, sianogene, cholienesterase inhibitore, ergotoksiene, aflatoksiene. Praktiese opleiding in ontleding van voedingstowwe, vetsuurskeidings, antioksidant bepaings, en meting van ensiemaktiwiteit, PO-verhouding van mitochondria, elektroforese, ekstraksie, oplosbaarheid en gelpermeasie-tegnieke.

Inleidende en neurofisiologie 211 (FLG 211)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	CMY 117, CMY 127, MLB 111 en PHY 131
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Fisiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Orientation in physiology, homeostasis, cells and tissue, muscle and neurophysiology, cerebrospinal fluid and the special senses.
Practical work: Practical exercises to complement the theory.

Sirkulatoriese fisiologie 212 (FLG 212)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	CMY 117, CMY 127, MLB 111 en PHY 131
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Fisiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Body fluids; haematology; cardiovascular physiology and the lymphatic system. Practical work: Practical exercises to complement the theory.

Long- en nierfisiologie, suurbasis-ewewig en temperatuur 221 (FLG 221)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FLG 211 en FLG 212
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Fisiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Structure, gas exchange and non-respiratory functions of the lungs; structure, excretory and non-urinary functions of the kidneys, acid-base balance, as well as the skin and body temperature control.
Practical work: Practical exercises to complement the theory.

Vertering, endokrinologie en voortplantingstelsels 222 (FLG 222)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FLG 211 and FLG 212
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Fisiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Nutrition, digestion and metabolism; hormonal control of the body functions and the reproductive systems.
Practical work: Practical exercises to complement the theory.

Geneeskundige mikrobiologie 252 (GMB 252)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Geneeskundige Mikrobiologie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

Infeksie, immuniteit en basiese bakteriologie. Inleiding en basiese beginsels van infeksie, sterilisasie en die immuunstelsel. Bakteriële selle en die klassifikasie van siekteveroorsakende bakterieë.

Geneeskundige mikrobiologie 253 (GMB 253)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	FLG 211 GS, FLG 212 GS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Geneeskundige Mikrobiologie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

Sistemiese bakteriologie. Bakteriële infeksies wat algemeen voorkom en die bakterieë wat dit veroorsaak.

Geneeskundige mikrobiologie 254 (GMB 254)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	FLG 211 GS, FLG 212 GS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Geneeskundige Mikrobiologie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

Fungi, parasitologie en virologie. Fungus-, virale en parasietinfestasies en -infeksies wat algemeen voorkom, en die organismes wat dit veroorsaak.

Kernmodules

Voedingsopvoeding 223 (DTT 223)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Omvattende dieetbenadering in kommunikasie oor voedsel- en voedingboodskappe deur die gebruikmaking van teoretiese raamwerke, insluitende die beplanning en evaluering van inhoud sowel as aanbiedingsvaardighede.

Mensvoeding 210 (HNT 210)

Modulekrediete	27.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Tweedejaarstatus
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Toepassing van natuurwetenskaplike beginsels in mensvoeding. Standaarde, riglyne en voedselsamestellingstabelle.

Mensvoeding 220 (HNT 220)

Modulekrediete	24.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FLG 211 FLG BCM 253 BCM 254 BCM 256 BCM 263 BCM 264 BCM 265 BCM 266
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sien asseblief Engelse weergawe vir die inhoud van hierdie module.

Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 210 (IHL 210)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	IHL 111/2/3/4, IHL 120
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Verpleegkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.
Principles of project management. Communication principles. Leadership. Health promotion and education, advocacy and literacy. Counselling for health behaviour change. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Speech- Language Pathology and Audiology students.

Voedselprodukte en -bereiding 210 (VDS 210)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	VDS 121
Kontaktyd	1 ppraktiese sessie per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Module 1: Die studie van verskillende voedselsisteme in voedselbereiding. Fisiese en chemiese eienskappe van voedsel en die invloed van die samestelling in voedselbereiding. Module 2: Basiese bereidingsmetodes van die volgende: soppe en souse; vrugte en groente; slaaie; bevrore nageregte; gelatine. Module 3: Oorsprong en ontwikkeling van eetgewoontes; faktore wat eetgewoontes en keuses beïnvloed; dinamika van eetgewoontes. Invloed van godsdiens op eetgewoontes. Eetgewoontes van verskillende etniese groepe.

Voedselprodukte en -bereiding 221 (VDS 221)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	VDS 210
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 ppraktiese sessie per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Module 1: Die studie van verskillende voedselsisteme in voedselbereiding. Fisiese en chemiese eienskappe van voedsel en die invloed van die samestelling in voedselbereiding. Module 2: Basiese bereidingsmetodes van die volgende: vleis, pluimvee, vis, peule, eiers en melk, stysels, grane; gebak (die hele spektrum); rysmiddels. Module 3: Die invloed van kultuur op eetgewoontes, voedselkeuses en cuisines. Die bestudering van die cuisines van geselekteerde Afrika-, Europese en Oosterse lande.

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 242

Fundamentele modules

Farmakologie 381 (FAR 381)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FLG 211, FLG 212, FLG 221, FLG 222 GS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Farmakologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding, reseptore, antagonisme, kinetiese begrippe. Middels wat inwerk op die outonome en sentrale senuweestelsel. Geneesmiddelbehandeling van hipertensie, angina pectoris, miokardiale infarksie, hartversaking, hart-aritmieë, en epilepsie. Diuretika, glukokortikosteroïede, lokale verdowers, narkosemiddels, analgetika, yster en vitamiene, onkostatika, immuunonderdrukkers.

Farmakologie 382 (FAR 382)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FAR 381, FLG 211, FLG 212, FLG 221, FLG 222 GS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Farmakologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hormone, geneesmiddels wat inwerk op histaminerge, serotonerge en dopaminerge reseptore. Geneesmiddelbehandeling van diabetes mellitus, skisofrenie, depressie, vetsug, angs, insomnia, spysverteringskanaalsiektes. Antistolmiddels, antimikrobe middels.

Kernmodules

Community nutrition 321 (CNT 321)

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Derdejaarstatus

Kontaktyd	2 lesings per week, Gemeenskapsbetrokkenheid
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Community nutrition practice within the larger public health realm. Nutrition within primary healthcare. Nutrition and community development as well as project planning and management.

Dieetkundige raadgewing 310 (DTT 310)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Derdejaarstatus
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teorie van raadgewing. Onderhoudvoering: Onderhoud; die konsultasieproses; verbale, geskrewe en nie-verbale kommunikasie aan kliënte, pasiënte, werknemers as individue of groepe in verskillende stadia van die lewensiklus in gesondheid en siekte in homogene en trans-/multikulturele situasies deur middel van gepaste teoretiese raamwerke.

Kliniek en besprekingsklas 320 (DTT 320)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	DTT 310
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Praktykopleiding: Bestuur van ‘n dieetkundepraktyk. Inoefening van konsultasieproses en praktykbestuur in ‘n dieetkundekliniek.

Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 310 (IHL 310)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	IHL 111/2/3/4, IHL 120, IHL 210, IHL 211/2/3/4
Kontaktyd	2 lesings per week

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Verpleegkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Community needs assessment. Leadership in community development. Planning and implementation of collaborative community-based interventions. Application of principles of monitoring and evaluation. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Department of Speech - Language Pathology and Audiology students.

Mediese voedingterapie 310 (MNX 310)

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Derdejaarstatus
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Introduction to the origin of diseases as a consequence of programmed changes that occur during impaired intrauterine growth and development. Aetiology and clinical manifestations of under-nutrition/PEM; principles and practices of medical nutrition therapy in under-nutrition/PEM; impact and influence of worm infestation. Congenital heart disease and special problems related to children with congenital heart disease. Relationship between malnutrition and Aids; role of nutrition in immunity within the context of HIV/Aids; clinical signs, symptoms and problems associated with Aids and guidelines for the alleviation of these symptoms; nutritional related problems of medication used by Aids patients. Appropriate practical assignments and case studies.

Mediese voedingterapie 323 (MNX 323)

Modulekrediete	34.00
Voorvereistes	Derdejaarstatus
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Relationships between obesity, hypertension, cardiovascular disease, insulin resistance and concomitant health risks. Aetiology, pathophysiology and manifestation(s) of type 1 and type 2 Diabetes Mellitus, gestational diabetes and impaired glucose tolerance; principles and practices of medical nutrition therapy of diabetes mellitus integrated with medical/pharmacological treatment; dietary treatment/prevention of complications; dietary adaptations when exercising and life style/behaviour modification. Aetiology and clinical manifestations of cardiovascular; principles and practices of medical nutrition therapy in CVD. Aetiology and clinical manifestation(s) of renal disease conditions; principles and practices of medical nutrition therapy in renal conditions (nephritic syndrome, nephrotic syndrome, acute and chronic renal failure, nephrolithiasis). Nutrient-drug interactions. Metabolic response to acute and chronic stress. Principles of special nutritional care, special feeding methods and products required for injured/critically ill patients. Appropriate practical assignments and case studies.

Voedingstatusevaluaring 313 (NTA 313)

Modulekrediete	40.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Derdejaarstatus
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 1 praktiese sessie per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Evaluering van die voedingstatus. Voedingsorgproses, oorsig van evaluering van voedingstatus. Wetenskaplike beginsels van voedingstatusevaluering, voedingsifting, kliniese, biochemiese en dieetevaluering van voedingstatus. Praktykopleiding: Inoefening van teoretiese beginsels van voedingstatusevaluering in hospitaal/kliniek en/of vaardigheidslaboratorium.

Navorsingsmetodologie vir gesondheidsorgwetenskappe 300 (RHC 300)

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	IHL 110, IHL 121/2/3/4, ELH 121, ELH 122, AIM 111/101
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Verpleegkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Navorsingskonsepte; navorsingsproses; navorsingsondersoek; beplanning en ontwikkeling van ’n literatuuroorsig; ontwikkeling van ’n navorsingsidee en navorsingsvraag; navorsings-beginsels in die ontwerp van ’n navorsingsvoorstel; skryf van ’n navorsingsvoorstel.

Voedseldiensbestuur 321 (VDB 321)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Natuur- en Landbouwetenskappe studente: VDS 322 #
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Beplanning en uitleg van voedseldienseenhede. Keuse en aankoop van grootskaalse apparaat en toerusting. Higiëne en veiligheid in voedseldienste. Bestuursbeginsels soos van toepassing op voedseldiensstelsels. Menslikehulpbronbestuur in voedseldiens-eenhede. Finansiële bestuur in voedseldienste.

Grootskaalse voedselproduksie en restaurantbestuur 322 (VDS 322)

Modulekrediete	31.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	VDS 210 and VDS 221
Kontaktyd	3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Departement	Verbruikerswetenskap
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Module 1 en Praktiese werk: Beginsels van grootskaalse voedselbereiding en die praktiese toepassing daarvan in ’n praktiese restaurantsituasie. Restaurantbestuur. Resepformate en toepaslike aanpassings vir grootskaalse voedselbereiding. Werkskedulering en praktiese blootstelling aan die gebruik van grootskaalse toerusting in die praktyk. Module 2: Spyskaartbeplanning vir verskillende voedseldienssisteme en voedseldiensstyle. Module 3: Grootskaalse voedselverkryging, -verbruik en -berging. Praktiese component: Beginsels van grootskaalse voedselvoorbereiding en die praktiese toepassing daarvan in ‘n praktiese restaurant konteks. Resep standardisering en aanpassing vir grootskaalse voedelvoorbereiding. Werkskedulering en die praktiese blootstelling aan grooskaalse kombuis apparaat in ‘n werklike opset.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 222

Kernmodules

Gemeenskapsvoeding 411 (CNT 411)

Modulekrediete	25.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Vierdejaarstatus
Kontaktyd	4 lesings per week, Gemeenskapsbetrokkenheid, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Global nutrition challenges e.g. food security, protein-energy and micronutrient malnutrition, non communicable diseases of lifestyle, etc. Public health approaches and general nutrition interventions to address these challenges. Nutrition program development including assessment, analysis and interventions in the South African context as well as Nutrition Policy formulation.

Gemeenskapsvoeding 480 (CNT 480)

Modulekrediete	35.00
Voorvereistes	CNT 411
Kontaktyd	Vyf keer 8uur per dag vir 7 weke, Gemeenskapsbetrokkenheid
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Academic service learning project in community-based programme development (i.e. planning, implementation and evaluation). Facility-based primary healthcare service delivery.

Dieetkundeprofessie 411 (DTT 411)

Modulekrediete	5.00
Voorvereistes	Vierdejaarstatus
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Dieetkundeprofessie

Integrasie in dieetkunde 480 (DTT 480)

Modulekrediete	4.00
Voorvereistes	Vierdejaarstatus
Kontaktyd	1 seminaar per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Slegs bywoningsmodule

Internskapopleiding in voedseldiensstelselbestuur 480 (FSS 480)

Modulekrediete	35.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	5 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Gevorderde mensvoeding 411 (HNT 411)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FLG 312,FLG 314,FAR 381,FAR 382,MRZ 310,NTA 313,RCH 310,DTT 310,VDS 320,VDB 320
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Seminare en gevalstudies (teorie en praktiese toepassing): Voedinggedrag; eetversteurings; nutriënt/voedingsaanvulling; sportvoeding; vegetarisme; voedselveiligheid; voeding van die gestremde; voorkoming van nie-oordraagbare siektes van lewenstyl, voeding en immuniteit; voeding en genetika.

Mediese voedingterapie 411 (MNX 411)

Modulekrediete	35.00
Voorvereistes	Vierdejaarstatus
Kontaktyd	3 besprekingsklasse per week, 6 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die rol van dieet en voeding in die etiologie en behandeling van siektes van die gastro-intestinale kanaal en verwante organe; metaboliese afwykings en jig; siektes van neurologiese oorsprong; prematuriteit en pediatriese siektetoestande. Voedingsorg van die pasiënt met fisiologiese trauma en kanker. Nutriëntmedikament-interverwantskappe. Toepaslike praktiese opdragte en gevallestudies ter inoefening van die voedingsorgproses.

Internskapopleiding in mediese voedingterapie 480 (MNX 480)

Modulekrediete	50.00
Voorvereistes	MNX 411
Kontaktyd	5 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Praktykbestuur 461 (PRS 461)

Modulekrediete	5.00
Voorvereistes	Vierdejaarstatus
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Mensvoeding
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

Administrasie en finansies (persoonlik en besigheid).

Navorsing in gesondheidsorgwetenskappe 400 (RHC 400)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	RHC 300
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Departement	Verpleegkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Uitvoeringsproses om etiese goedkeuring te kry, data-insameling, data-analise, navorsings-verslagskrywing.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.